**KOMATIPOORT AKADEMIE**

Tel: (013) 793 7304
Faks: (013) 793 7004
Posbus 15
Komatipoort, 1340
Rissik straat 53
Epos: admin1@komakademie.co.za

# ATLETIEKBELEID

Hierdie beleid moet gelees word saam met die “Framework for Collboration” Coordination and Management of School Sport in Public Ordinary Schools.

## 1. Doelwitte:

Om leerders in die skool ‘n gelyke kans te gee om deel te neem en hulle volle potensiaal te bereik.

Om ‘n liefde vir sport te ontwikkel.

Om massa deelname te bevorder.

Om leerders met talent te identifiseer en hulle aan te moedig om die hoogste sport te bereik.

## 2. Byeenkomste:

Ons neem deel aan alle byeenkomste soos deur Atletiek Mpumalanga vereis:

Atlete volg die volgende roete om by die SA byeenkoms uit te kom:

- Interhuis (Skolespan)
- Kring
- Sub-Streek
- Provinsie
- Nasionaal

Indien ‘n atleet, sonder verskoning, nie opdaag vir ‘n byeenkoms nie, sal so atleet uit die span gelaat word vir die res van die seisoen. So atleet sal dan volgens die skool se gedragskode gestraf word.

As ‘n atleet nie ‘n byeenkoms kan bywoon nie, moet hy/sy ten minste 2 dae voor die tyd reëlings tref met die afrigter sodat daar ‘n plaasvervanger is.

Noodgevalle sal volgens meriete hanteer word.

### Vriendskaplike Byeenkomste:

Dit word deur die sportorganiseerder in samewerking met die atletiekorganiseerder gereël.

Die datums vir die byeenkomste word op die jaar en kwartaalprogram aangedui.

Tel: (013) 793 7304
Faks: (013) 793 7004
Posbus 15
Komatipoort, 1340
Rissik straat 53
Epos: admin1@komakademie.co.za

**3. Pligte van die sportbestuurder en atletiekorganiseerder:**

Die sportbestuurder moet deur die Beheerraad aangestel word.

Die sportbestuurder moet toesien dat die beleid geïmplementeer word en toegewys word.

Die sportbestuurder moet ‘n lêer vir elke sportsoort in sy kantoor hê.

Die sportbestuurder stel die organiseerders in samewerking met die skoolbestuur aan.

Die sportbestuurder moet borge kontak tydens die voorlegging van die begroting, vir die medaljes. (Nie later as die einde van die jaar nie.)

Die sportbestuurder is verantwoordelik vir die maandelikse sportverslag aan die Beheerliggaam asook die weeklikse verslag aan die hoof. Hy moet ook in samewerking met ‘n aangewese persoon toesien dat die skool se sport die nodige dekking kry in die plaaslike koerante.

Die sportbestuurder dien op die sportkomitee van die Beheerliggaam.

Die sportbestuurder reël vergaderings van die sportkomitee in samewerking met die betrokke Beheerliggaamslid en skoolkomitee.

Die sportbestuurder is verantwoordelik vir die voorbereiding van die bane/velde voor byeenkomste, saam met die toegewysde personeel.

Die sportbestuurder is verantwoordelik vir die kontrole en beheer van die sportvoorraad en voorraadopnames.

Die sportbestuurder reël afrigtingsklinieke, reël besprekings en eksamens in samewerking met die afrigters.

Die sportbestuurder hanteer griewe en dispute na hom/haar verwys.

Die sportbestuurder is verantwoordelik vir die opstel en bestuur van die begroting in samewerking met die organiseerders.

Die sportbestuurder kontroleer die busvervoer in samewerking met die adjunkhoof.

Die sportbestuurder doen die toekennings vir trofeës vir die prysuitdeling in samewerking met die organiseerders.

**4. Organiseerders:**

Die organiseerder is verantwoordelik vir die organisatoriese aspekte van die byeenkomste in samewerking met die sprotbestuurder met die afrigters.

Die organiseerders wys personeel/afrigters aan in samewerking met die sportbestuurder en die hoof.

Die organiseerder stel ‘n begroting op in samewerking met die afrigters en bespreek dit dan met die sportbestuurder.

Tel: (013) 793 7304
Faks: (013) 793 7004
Posbus 15
Komatipoort, 1340
Rissik straat 53
Epos: admin1@komakademie.co.za

Die organiseerder stel die oefentye vas in samewerking met die afrigters en sportbestuurder.

Die organiseerder kontroleer die afrigting ten opsigte van oefentye, bywoningsregister ens.

Die organiseerder is verantwoordelik vir die uitslae/verslag aan die sportbestuurder op ‘n Maandag en ook vir die terug rapportering in die saal.

Die organiseerder woon die jaarvergadering en ander vergaderings soos nodig by.

**5. Verantwoordelike personeellid vir spesifieke items (VP):**

VP word deur die organiseerder saam met die sportbestuurder aangewys.

‘n VP neem volle verantwoordelikheid vir sy/haar item en/of apparaat.

Elke VP moet ‘n lys van leerders wat by die betrokke item oefen, hê.

Die VP moet sorg dat hy/sy op hoogte is van die nuutste reëls en moet dus ook gereeld afrigtings-kursusse bywoon.

Die VP is verantwoordelik vir die opwarming, fiksheid en afrigting van die atlete/span aan hom/haar toegeken.

Die VP is verantwoordelik vir die evaluering van atlete met die maak van spankeuses. Die spankeuse moet met die sportbestuurder gekontroleer word.

Die VP moet te alle tye voorbereid wees en met geskikte sportdrag by die oefeninge en byeenkomste opdaag.

**6. Saamstel van die atletiekspan:**

Daar sal ‘n massabyeenkoms in November van elke jaar aangebied word.

Tydens hierdie byeenkoms word daar atlete aangewys/geïdentifiseer wat dan aangemoedig word om te oefen.

Die VP moet dan ook hierdie atlete van oefenprogramme vir Desember voorsien.

Die geïdentifiseerde atlete moet aan die Interhuis in Januarie deelneem (verpligtend) asook ten minste 2 van die 3 vriendskaplike byeenkomste bywoon.

As ‘n atleet voel dat hy/sy ‘n kans staan om iemand in die span te wen, mag hy die nommer vier atleet in die spesifieke item daag. Die atleet mag net een keer daag. Sou hy die nommer vier atleet wen, mag hy die nommer drie daag ens.

Die organiseerder moet dit reël op ‘n tyd wat almal pas. Indien die gedaagde nie opdaag nie, verloor hy outomaties sy posisie in die span.

Elke byeenkoms bepaal die samestelling van die span vir die spesifieke byeenkoms.

Tel: (013) 793 7304
Faks: (013) 793 7004
Posbus 15
Komatipoort, 1340
Rissik straat 53
Epos: admin1@komakademie.co.za

**7. Afrigting:**

Die atletiekorganiseerder word deur die hoof en die sportorganiseerder aangewys.

Die organiseerder in samewerking met die hoof en sportbestuurder stel die onderskeie afrigters/VP aan.

Buite afrigting kan aangestel word indien daar 'n behoefte ontstaan.

**8. Befondsing:**

'n Jaarlikse begroting moet voor die einde van September ingedien word.

Alle aankope moet volgens die finansiële beleid van die skool geskied.

Alle apparaat wat aangekoop word, moet dadelik in die bateregister aangeteken word. Aan die einde van die siesoen moet 'n volledige voorraadopname gemaak word en alle apparaat wat afgeskryf word, moet aan die Beheerliggaam voorgelê word vir goedkeuring.

Apparaat word onder geen omstandighede aan privaat afrigters geleen of verhuur nie. Die enigste uit-sondering kan gemaak word indien 'n ander skool dit wil leen, maar in hierdie geval moet die ander skool se verantwoordelike persoon, die apparaat by die adjunkhoof uitteken.

**9. Kleredrag:**

Wanneer 'n atleet in die skool se span geneem word, sal daar van hom/haar verwag word om die korrekte voorgeskrewe atletiekdrag te dra. Die drag is by die skool se klerewinkel beskikbaar. Dit is die VP se verantwoordelikheid om toe te sien dat alle atlete korrek geklee is.

Gedurende oefen sessies moet die atlete in kennis gestel word dat hulle nog steeds ordentlik geklee moet wees, geen:

- Spaghetti-strappie hempies nie;
- Ontblotende toppies nie;
- Bra's wat uitsteek nie;
- Stywe broeke en toppies nie;
- Plakkies nie.

Netjiese oefenklere met sporttekkies of kaalvoet. Geen modieuse tekkies nie.

Tel: (013) 793 7304
Faks: (013) 793 7004
Posbus 15
Komatipoort, 1340
Rissik straat 53
Epos: admin1@komakademie.co.za

**10. Vervoer:**

Atlete sal op die skool se onkoste vervoer word na byeenkomste. Hierdie byeenkomste sluit in die vriendskaplike byeenkomste tot en met die streekbyeenkomste. Indien 'n atleet verder beweeg en dus aan provinsiale proewe deelneem is dit die ouer se verantwoordelikheid om die kind te neem.

Atlete wat enige byeenkomste met eie vervoer gaan bywoon moet reëlings tref met die sportbestuurder.

**11. Ouers/Toeskouers:**

Ouers se betrokkenheid word hoog op prys gestel.

Ouers mag nie toegelaat word om by die spankeuses of oefeninge in te meng nie. Indien 'n ouer 'n probleem het, moet dit skriftelik aan die bestuurder gestel word.

Enige ouer wat hom/haar wangedra by 'n byeenkoms mag deur die betrokke organiseerder, sport-bestuurder of VP gevra word om die terrein te verlaat.

Indien 'n ouer hom/haar herhaaldelik skuldig maak aan wangedrag, sal die Beheerliggaam teen so ouer optree.

Volgens atletieketiket mag geen ouer/afrigter op die baan wees tydens byeenkomste nie.

**12. Slot:**

Gedurende aktiwiteitsperiode moet aflosse geoefen word en is dit verpligtend vir al die atlete in die aflosspanne. Atlete wat versuim om die oefeninge by te woon sal sy/haar plek verloor in die aflosspan.

Indien 'n atleet nie gedurende oefeninge geoefen het nie, of nie genoegsame bewys kan lewer dat hy wel geoefen het nie, is dit die VP se volste reg om so atleet te onttrek van die span.

Indien 'n atleet 'n grondige verskoning het moet dit skriftelik aan die sportbestuurder voorgelê word.

KOMATIPOORT AKADEMIE

Tel: (013) 793 7304
Faks: (013) 793 7004
Posbus 15
Komatipoort, 1340
Rissik straat 53
Epos: admin1@komakademie.co.za

**KRITERIA ATLETIEK TROFEES VIR PRYSUITDELING:**

**LAERSKOOL**

1. **Beste Baanatleet:**
   - Verste gevorder.
   - Hoogste ASA punt.

2. **Beste Veldatleet:**
   - Verste gevorder.
   - Hoogste ASA punt.

3. **Louis en Louise Farrell – mees uitstaande prestasie:**
   - Meeste items op provinsiale vlak of SA kampioenskappe.
   - Hoogste ASA punt gedurende die seisoen.

4. **Beste Seunsatleet:**
   - Hoogste ASA punt.

5. **Beste Dogtersatleet**
   - Hoogste ASA punt.

KOMATIPOORT AKADEMIE

Tel: (013) 793 7304
Faks: (013) 793 7004
Posbus 15
Komatipoort, 1340
Rissik straat 53
Epos: admin1@komakademie.co.za

**KRITERIA ATLETIEK TROFEES VIR PRYSUITDELING:**

**HOËRSKOOL**

**6. Beste Baanatleet:**

- Verste gevorder.
- Hoogste ASA punt.

**7. Beste Veldatleet:**

- Verste gevorder.
- Hoogste ASA punt.

**8. Louis en Louise Farrell – mees uitstaande prestasie:**

- Meeste items op provinsiale vlak of SA kampioenskappe.
- Hoogste ASA punt gedurende die seisoen.

**9. Beste Seunsatleet:**

- Hoogste ASA punt.

**10. Beste Dogtersatleet**

- Hoogste ASA punt.

GETEKEN TE ________________________________

BEHEERLIGGAAM VOORSITTER DATUM

____________________ ____________________

HOOF DATUM

____________________ ____________________